Kontak / Contact: Me. S. Thiart
Verw. / Ref. : 45/1
Adres / Address De Havilland Singel / Crescent No. 6, Persequor Technopark, Pretoria, 0020
Privaatsak / Private Bag X 135, Pretoria, 0001
Reg.no. / Reg. nr.: 1995/005404/08
BTW no. / Vat. nr.: 4300 153 790
Tel: 012-349 1910 / 012 349 1911
Faks / Fax: 012 349 1909
E-pos / E-mail: sthiart@agric.co.za

Besoek ons by / Visit us at:
www.potatoes.co.za

6 Julie 2011

AAN ALLE MOERKWEKERS EN ROLSPELERS IN DIE MOERBEDRYF

Die Nasionale Moerekomitee het op 7 Junie 2011 en die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) en Direksie van Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) het op 8 Junie 2011 onderskeidelik vergader. Hiermee bring ek die volgende aspekte onder u aandag.

Nasionale Moerekomitee

- Die **Moerkwekersforum** word vanjaar op Dinsdag, 27 September 2011 gehou, gevolg deur Aartappels Suid-Afrika se Kongres op 28 en 29 September 2011. Die Forum en Kongres word by die Lagoon Beach Hotel in Kaapstad gehou. Teken asseblief hierdie datums in u dagboek aan. Ons sien uit daarna om u daar te hê!
- Die **program vir die forum** is nog nie gefinaliseer nie. Besprekingspunte tans sluit die verbetering van die Skema in, asook die impak wat die Verbruikersbeskermingswet op moerkwekers en die Skema het, ‘n nuwe sistvormende aalwurmspesie, naamlik *Globodera capansis,* die aanwending van PKR-tegnologie in die moerbedryf en moontlike veranderings aan die maatskappy, Aartappelsertifiseringsdiens. Indien daar enige ander onderwerpe is wat u graag op die Moerkwekersforum bespreek wil hê, is u welkom om dit via die voorsitter van u plaaslike moerekomitee te versoek.
- Baie geluk aan die volgende moerkwekers wie se moere in die 2009/2010 seisoen so goed presteer het dat hulle onder die **top moerkwekers vir 2011** gereken word: Graeme Anderson (Brairlea Seed Potatoes), Theuns de Kock, Frans Engelbrecht, Jannie Fourie (Leniesdeel Trust), Mike Green (Mighty Mzambane), Jakkie Mellet (Potato Seed Production), JJ van de Velde en Willem Mulke (Willem Mulke Bdy Bpk). Welgedaan aan al die moerkwekers wat vir die eerste keer onder die top moerkwekers gereken word en ‘n spesiale woord van gelukwense aan die kwekers wat weer eens so goed presteer het dat julle weer onder die top moerkwekers is.

6 July 2011

TO ALL SEED POTATO GROWERS AND OTHER ROLE PLAYERS IN THE INDUSTRY

The National Seed Potato Committee convened on 7 June 2011 and the Independent Certification Council for Seed Potatoes (ICCSP) and the Board of Directors of Potato Certification Service (PCS) on 8 June 2011. I herewith bring the following aspects to your attention:

National Seed Potato Committee

- The **Seed Potato Growers’ Forum** will be held on Tuesday, 27 September 2011, followed by the Potatoes South Africa Congress on Wednesday and Thursday, 28 and 29 September 2011. The Forum and Congress will be held at the Lagoon Beach Hotel in Cape Town. Please diarise these dates. We are looking forward to having you there!
- The **program for the forum** has not been finalised yet. The topics will include the improvement of the Scheme, the impact which the Consumer Protection Act could have on seed growers and the Scheme, a new cyst-forming nematode specie, namely *Globodera capensis,* the application of PCR in the seed industry and possible changes to the company, Potato Certification Service. Should there be any other topic which you would like to have addressed at the Forum, please direct your request via the chairman of your regional seed potato committee.
- Congratulations to the following seed growers whose seed potatoes performed so well in the 2009/2010 season that they are among the **top seed growers for 2011**: Graeme Anderson (Brairlea Seed Potatoes), Theuns de Kock, Frans Engelbrecht, Jannie Fourie (Leniesdeel Trust), Mike Green (Mighty Mzambane), Jakkie Mellet (Potato Seed Production), JJ van de Velde and Willem Mulke (Willem Mulke Bdy Bpk). Well done to all the seed growers who made it to the top for the first time and a special word of congratulations to the growers who once again performed so well that you are amongst the top ten.

- Die **Coen Bezuidenhout-saadtoetssentrum** (CBS) het 'n naamsverandering ondergaan en staan nou as **Plantovita** bekend. Die kontrolerende funksie van CBS binne Aartappellaboratoriumdienste is onveranderd aan Plantovita oorgedra.
- Die **PKR-tegnologie** gaan heel waarskynlik by Plantovita gevestig word. Met veranderinge aan die bestaande laboratoriumkompleks kan dit daar akkommodeer word. Aartappels Suid-Afrika befonds deel van die validasieproses as 'n navorsingsprojek.
- 'n **Internetgebaseerde moerverhandelings-platform** is aan die vergadering voorgehou. Belangstellendes kan die webwerf, www.seedpotatoes.co.za, besoek of vir Justin Platt by 083 264 6816 kontak.
- Waar na-kontrole virus uitslae per variëteit die 15% vir twee agtereenvolgende seisoene oorskry het, sal die **penalisasie-klousule** toegepas word. Betrokke kwekers sal besoek word ten einde die pad vorentoe te bespreek.
- Die aanvanklike glashuisproewe op die nuwe **sistvormende aalwurmspesie** in die Sandveld gevind, dui daarop dat aartappels nie 'n gasheer is nie. Dit moet egter *in vivo* bevestig word alvorens lasgewing opgehef sal word.
- Dit is met groot ontsteltenis dat ek u moet meedeel dat daar in die afgelope jaar 4 gevalle op moerplase was waar **bakteriese verwelk** voorgekom het. *Ralstonia solanacearum,* die bakteriese verwelk-veroorsakende organisme, is 'n kwarantynorganisme. Eenhede op moerplase waar die voorkoms van bakteriese verwelk bevestig is, word onder lasgewing geplaas deur Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV). Bakteriese verwelkgevalle op kommersiële aanplantings word egter nie by die gesag aangemeld nie en in die proses word die volhoubare toekoms van aartappelproduksie in gevaar gestel deur hierdie traak-my-nie-agtige houding. Ek doen hiermee 'n beroep op almal om saam te werk om hierdie siekte die hok te slaan.
- Die **verbetering van die Skema** geniet steeds aandag. Die konsepvoorstel gaan eers weer aan die onderskeie streeksmoerekomitees vir oorweging voorgehou word, waarna dit tydens die forum vir goedkeuring voorgelê word.
- Die **produksiestatistiek** vir 2009/2010 wys dat daar 6.4 miljoen x 25kg sakke moere gesertifiseer is vanaf 'n totaal van 10 169 hektaar wat vir moere geregistreer was. Dit was ook die eerste jaar wat daar meer as 8 miljoen miniknolle in Suid-Afrika gesertifiseer was.

- The **Coen Bezuidenhout Seed Testing Centre** (CBS) had a name change. The new name is **Plantovita.** The function as the controlling laboratory in Potato Laboratory Services has been transferred to Plantovita.
- The **PCR technology** will most probably be established at Plantovita. Changes to the existing laboratory complex are currently being considered in order to accommodate the space needed. Potatoes South Africa will fund part of the validation of the process as a research project.
- An **Internet-based seed trading platform** was presented to the committee. Interested parties can visit the website, www.seedpotatoes.co.za, or contact Justin Platt at 083 264 6816.
- Where post-control virus results per variety have exceeded 15% for two consecutive seasons, the **penalisation** clause will be applied. Affected growers will be visited in order to discuss the way forward.
- The initial glasshouse trials on the **new cyst nematode** found in the Sandveld indicate that potato is not a host. This will, however, have to be confirmed *in vivo* before orders where these cysts have been found, can be lifted.
- It is of great concern that 4 incidences of **bacterial wilt** were reported on seed farms. *Ralstonia solanacearum,* the organism causing bacterial wilt disease, is a quarantine organism. Units on seed farms where bacterial wilt has been confirmed are placed under order by the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (DAFF). Bacterial wilt incidences in commercial plantings are not communicated to the authority and in the process the sustainable future of potato production is endangered by this no-care attitude. I herewith urge you all to work together to prevent this disease from spreading.
- Attention is still being paid to the **improvement of the Scheme**. The draft proposal will be taken back to the Regional Seed Committees for consideration before being tabled at the Forum.
- The **production statistics** for the 2009/2010 year show that 6,4 million x 25kg bags of seed were certified from a total of 10 169 hectares registered for seed plantings. It was also the first year that more than 8 million mini tubers were produced in South Africa.

OSRA

- Die **termyn ten opsigte van planttelersregte** vir aartappels is nog nie gewysig nie. Die tydperk in die geval van aartappels is tans steeds 20 jaar.
- Die **kwarantynfasiliteite** en – prosesse by LNR-Roodeplaat sowel as Rascal Seed Research Laboratories is deur Plantkwarantyndienste geoudit. Beide fasiliteite het aan die standaarde voldoen.
- Die **registrasie van die LNR *In Vitro* Genebank** is deur die Raad goedgekeur. ASD sal die fasiliteit kwartaalliks in die eerste jaar besoek ten einde te verseker dat daar volgens protokol gewerk word.
- **Aartappelsertifiseringsdiens**, as aangestelde agent om die Skema toe te pas, is in die verlede aan lynfunksie **oudits** deur DLBV onderwerp. Hierdie is 'n kontinue proses wat deurlopend in die streke plaasvind. ASD gaan nou vervolgens ook deur DLBV op alle sisteme geoudit word. Die sisteemoudit sluit in die oudit van alle rekordsisteme sowel as die ASD-databasis.
- Die **monstergrootte vir die toets van bakteriese verwelk** word bevestig as 4605 knolle per eenheid in die geval van eenhede groter as een hektaar. Op eenhede een hektaar en kleiner word 1 knol elke tien meter getrek. Dié besluit sal aan die Registrateur voorgelê word en kan eers geïmplementeer word as dit in die staatskoerant afgekondig is. Vir die interim geld die s*tatus quo.*
- Miniknolprodusente moet asseblief kennis neem dat **miniknolle besmet met *Pectobacterium*** afgekeur word nie net afgradeer word nie.
- Baie geluk aan Dr. Keetch wat vir 'n verdere jaar as **Voorsitter van die Raad** verkies is. 'n Posbeskrywing sal vir die Voorsitter van die Raad opgestel word en die posisie sal dan volgende jaar adverteer word.

ICCSP

- The **term in respect of plant breeders' rights** for potatoes has still not been amended. In the case of potatoes the period is at present still 20 years.
- The **quarantine facilities** and processes at ARC-Roodeplaat and Rascal Seed Research Laboratories have been audited by Plant Quarantine Services. Both facilities were in compliance with the requirements for post-entry quarantine facilities.
- The **registration of the ARC *In Vitro* Genebank** with the Council has been approved. PCS will visit the facility quarterly in the first year of registration to ensure that everything is done according to protocol.
- **Potato Certification Service** has, as the appointed agent to administer the Scheme, in the past been **audited** by DAFF on all the line functions performed. This is a continuous process which takes place in all the regions. PCS will now also be audited by the DAFF on all the systems. The systems audit includes an auditing of the recordkeeping system and the PCS database.
- The **sample size for testing for bacterial wilt** has been confirmed as 4605 tubers per unit in the case of units bigger than 1 hectare. One tuber every 10 meters will be drawn in the case of units of one hectare and smaller. This decision will be recommended to the Registrar and can only be applied once it has been published in the Government Gazette. For the interim the *status quo* applies.
- Mini tuber producers must please note that **mini tubers** with ***Pectobacterium***-infection will be rejected and not downgraded.
- Dr Keetch has been re-elected as Chairman for another 1 year term. Congratulations! A job description for the **Chairman of the Council** will be drawn up and the position will be advertised next year.

DIREKSIE

- Aandag sal geskenk word aan die **bewoording op die sertifiseringsetiket** ten einde te verseker dat dit voldoen aan die vereistes van die Verbruikersbeskermingswet.
- Met inagneming van die **Verbruikers-beskermingswet** word moerkwekers weer gemaan om seker te maak dat hulle waterdigte koopooreenkomste in plek het.

BOARD OF DIRECTORS

- Attention will be given to the **wording on the certification label** to ensure that it complies with the requirements of the Consumer Protection Act.
- In view of the **Consumer Protection Act**, it is once again recommended that all seed growers have a watertight purchase agreement in place.

- Die **sertifiseringstarief** verhoog slegs met 5% in die komende boekjaar. Die eerste paaiement van u koste is onmiddellik betaalbaar en die tweede paaiement 150 dae na plantdatum. U kan egter die opsie uitoefen om die totale koste eenmalig te vereffen, in welke geval u dan vir **10% afslag** kwalifiseer. Bewys van alle betalings moet dadelik aan die streekskantoor deurgestuur word.
- Winste wat in die afgelope boekjaar gegenereer is, sal in die vorm van 'n **korting** aan kwekers wat in die verslagjaar geregistreer het, terugbetaal word. Sodra die boeke vir die jaar afgesluit is, sal die bedrag betaalbaar bereken word.
- Baie geluk aan Dániel Möller en Gideon Truter wat nou ten volle gekwalifiseer is op alle aspekte van sertifisering en dus volwaardige **sertifiseringsbeamptes** is.
- Jaco Botes en Werner Loots, wat sedert die laaste vergadering by sertifisering aangesluit het, word hartlik **welkom** geheet. Jaco Botes is in Douglas gestasioneer en Werner Loots is in Christiana aangestel. André Wessels was as student werksaam in die Middelburg-streekskantoor en het nou vir sy Diploma gekwalifiseer. André word sedert 1 Julie 2011 in Middelburg aangestel as leerlingsertifiseringsbeampte.

ALGEMEEN

Baie dankie vir u belangstelling en ondersteuning tydens my siekte die afgelope tyd. Ek het dit inderdaad waardeer. Aan die einde van Mei het ek vir my eerste opvolg ondersoeke en bloedtoetse nadat die chemoterapie voltooi is, gegaan. Al die uitslae van die ondersoeke en bloedtoetse was normaal. Ek weet nou dat God werklik ons gebede hoor en dat wonderwerke steeds gebeur. Julle ondersteuning en gebede het my, my gesin en personeel gedra deur die moeilike tye. Nogmaals dankie

Vriendelike groete

- The **certification tariff** for the new financial year will be increased by only 5%. The first instalment of your cost is immediately payable and the second instalment 150 days after planting. You can however opt to pay the total cost once off in which case you will receive **10% discount**. Proof of payment must immediately be sent to the regional office.
- Once the financial year has come to an end, the profit generated will be paid back in the form of a **rebate** to those growers who registered in the year of reporting. The amount still has to be determined.
- Congratulations to Dániel Möller and Gideon Truter who are now fully qualified in respect of all aspects of **certification.**
- A warm **welcome** is extended to Jaco Botes and Werner Loots who joined the ranks of certification since the last meeting. Jaco Botes is stationed in Douglas and Werner Loots has been appointed in Christiana. André Wessels worked in the Middelburg office as a student and has qualified for his Diploma. André has now been appointed in Middelburg as a trainee certification official as from 1 July 2011.

GENERAL

Thank you very much for your interest and support during my illness. This has truly been highly appreciated. At the end of May I went for my first check-up and blood tests after the chemotherapy. The results of all the scans and blood tests were normal. I now truly know that God hears our prayers and that miracles do still happen. Your support and prayers carried me, my family and the staff through these difficult times and are much appreciated. Once again thank you.

Kind regards

Thiart

SANETTE THIART
BESTURENDE DIREKTEUR: ASD
MANAGING DIRECTOR: PCS

Save as: Tikwerk/Sanette/Amelia/ST448